Module 6-opsomming

Toerismebesienswaardighede in die SAOG-lande

Land se aantreklikhede	Rede waarom dit 'n top-toeriste-aantreklikheid is	Toeriste-aktiwiteite
Angola: Kissama Nasionale Park	Enigste nasionale park in Angola wat in bedryf is.	Besigtig buffels en bokspesies; besigtig die seelewe; voëlkykery.
Botswana: Okavanga-delta	Grootste binnelandse delta in die wêreld.	Besigtig wildlewe; besoek plaaslike dorpies om die gemeenskapslewe te ervaar.
Chobe Nasionale Park	Reuse Kalahari olifant-bevolking.	Die Serondela-gebied (Chobe-rivieroewer) is die park-gedeelte wat die meeste besoekers lok. Toeriste kan in toeristekampe bly.
Tsodilo Heuwels (UNESCO Wêrelderfenisterrein)	Ongeveer 4 500 rotskunstekeninge. Bewyse van die mens se bestaan meer as 100 000 jaar gelede.	Georganiseerde toere met toergidse om die rotskuns te besigtig.
DRK: Kahuzi-Biega Nasionale Park (UNESCO Wêrelderfenisterrein)	Tropiese woud, twee rustende vulkane, 250 oostelike laagland-gorillas.	Besoek die park om die gorillas en die asemrowende uitgestorwe vulkane te besigtig.
Virunga Nasionale Park (UNESCO Wêrelderfenisterrein)	Grootste biodiversiteit van enige nasionale park in Afrika en die hoogste konsentrasie seekoeie in Afrika.	Begeleide toere om na die groot ape en die dramatiese landskappe met berge, vulkane en moerasse te kyk, soos in die nuusberig beskryf word wat volg.
Salonga Nasionale Park (UNESCO Wêrelderfenisterrein)	Grootste tropiese reënwoud-natuurreservaat in Afrika en die bedreigde spesies sluit die dwergsjimpansee in.	Besoek die tropiese reëwoud en die spesies wat daar woon, soos die dwergsjimpansee, die Kongo-pou, die bosolifant en die Afrika-smalbekkrokodil.
Lesotho: Maluti-berge	Grasvlaktes, klowe, verskillende habitatte met endemiese spesies en rotskuns van die San-mense.	Besigtig rotskuns; en neem deel aan ponieritte, marathons, 4X4-ritte, en ski.
Basotho-ponie-voetslaanpaaie	'n Aktiwiteitsgebaseerde manier om die berge te besigtig.	Besoek dorpies en ontmoet die dorpenaars, geniet die uitsigte, watervalle, en so meer.
Afri-Ski-oord	Een van slegs twee ski-oorde op die kontinent.	Ski en sneeuski terwyl die toeris by die oord tuisgaan.
Die Sanipas	Bergroete hoog bo seevlak bied verskeie aktiwiteite`.	Neem deel aan bergfietsry, 4X4-wedrenne, vierwielmotorfietsritte, motorfietswedrenne, marathons.
Katsedam, Lesotho-Hoogland-waterprojek	Afrika se grootste wateroordragskema	Toere van die dam: watersport; verblyf beskikbaar; besoek botaniese tuine.
Madagaskar: Tsingy de Bemaraha Natuurreservaat (UNESCO Wêrelderfenisterrein)	Spesiale landskappe sluit in kalkspitse, 'n ravyn, heuwels, manglietwoude en hoë spitse.	Begeleide toere na die reservaat en die spits; besigtig lemurs en voëls.
Koninklike Heuwels van Ambohimanga (UNESCO Wêrelderfenisterrein)	'n 16de-eeuse koninklike stad en begraafplaas wys hoe 'n tradisionele samelewing geleef het.	Besoek die oorblyfsels van geboue; ervaar die spirituele elemente deur pelgrimstogte.
Mosambiek: Bazaruto-eilandgroep	'n Beskermde nasionale park; die eilandgroep bestaan uit vyf eilande.	Verblyf word by 'n aantal oorde aangebied. Strand-toerisme sluit snorkel, duik, swem en visvang in.

Oxford University Press Southern Africa (Edms.) Bpk. 2012.

Land se aantreklikhede	Rede waarom dit 'n top-toeriste-aantreklikheid is	Toeriste-aktiwiteite
Eiland van Mosambiek (UNESCO Wêrelderfenis-terrein)	Oorspronklike Portugese hoofstad van Mosambiek nadat dit van die Arabiese inwoners gekoloniseer is.	Verken die ou geboue en geniet die eilandatmosfeer.
Cahora Bassa-dam en Niassameer	Cahora Bassa-dam gaar die water van die magtige Zambezirivier op en is die tweede grootste hidro-elektriese dam in Afrika en die negende grootste vars-watermeer in die wêreld.	Visvanguitstappies, veral vir tiervis. Besigtig die dam, besoek seekoeipoele, duik en ander wateraktiwiteite. Niassameer het meer as die helfte van die wêreld se cichlid-vis wat in sy helder water swem, wat dit wonderlik maak om te snorkel.
Namibië: Visrivier Canyon	Meer as 500 miljoen jaar oud; die canyon is dikwels droog; tweede grootste natuurlike ravyn in die wêreld.	Gewild by stappers en vir fotografiese safari's. Daar is 'n 4-dag-staproete – slegs oop vir fikse stappers en gedurende die wintermaande.
Etosha Nasionale Park	Die eerste geproklameerde bewaringsgebied in Namibië en bekend vir sy silwer sand.	Toeriste kan endemiese spesies soos pelikane en flaminke besigtig en na wild kyk. Drie ruskampe bied verblyf.
Namib- en Kalahari-woestyne	Die Kalahari is die wêreld se grootste stuk sand.	Fotografiese safari's om die wildlewe en dramatiese natuurskoon by Sos-susvlei en Maanvallei te besigtig, en gefasiliteerde interaksie met San-ge-meenskappe om oor hulle manier van leef te leer.
Skedelkus	Grootliks 'n wildernisgebied, met dramatiese, hoë sand-duine met interessante en ongewone spesies.	Toeriste geniet hierdie dramatiese landskap en om meer uit te vind oor die ongewone ekosisteme wat daar bestaan.
Malawi: Malawi-meer	Een van die diepste mere in die wêreld en besonder mooi natuurskoon, veral omdat die meer helder water het. Grootste aantal visspesies van enige meer in die wêreld.	Besigtig die wildlewe, besoek die strande en geniet wateraktiwiteite, onder andere seil, kajak, snorkel, skubaduik en waterski. Verblyf word by 'n ver-skeidenheid oorde aangebied.
Liwonde Nasionale Park	Liwonde is een van die kleiner wildparke maar dit is naby Blantyre, wat dit gerieflik maak vir toegang.	Safari's op land en per boot om die wildlewe te besigtig. Verblyf beskikbaar.
Mauritius: Grand Baie en Tamarinbaai	Aantreklike strande wat verskillende aktiwiteite bied.	Bly in strandhotelle en geniet verskillende vorms van vermaak. Swem, snorkel en visvang, jetski, seil en duik. Besoek Tamarinbaai vir sy brander-plankry.
Chamarel-waterval en die gekleurde grond van Chamarel	Die waterval is die tuiste van bedreigde spesies soos die pienk duif en die groen papegaai. Die gekleurde sand is van vulkaanas.	Besigtig die waterval en 'n aantal bedreigde spesies. Toeriste geniet dit om na die ongewone gekleurde sand te gaan kyk.
Port Louis en UNESCO Wêrelderfenisterrein van Aapravasi Ghat (die Immi-grasiedepot)	Grootste stad in Mauritius en die hoofhawe; en dit is waar die UNESCO Wêrelderfenisterrein van Aapravasi Ghat (die Immigrasiedepot) gevind kan word.	Toeriste kan 'n aantal geskiedkundige geboue en ander terreine besoek, insluitende die immigrasiedepot, Fort Adelaide of La Citadelle, die Caudan-waterfront, Port Louis-mark, Mauritius se 'Chinatown' en die ou Port Louis-teater.
Seychelle: Strande	Daar is meer as 65 strande op die eiland van Mahé alleen. Die tropiese weer en pragtige eilande is baie gewild onder toeriste wat van 'n strandvakansie hou.	Toeriste swem, duik, snorkel, seil, vang vis, waterski en neem deel aan ander wateraktiwiteite wat met die eilande en hul strande geassosieer word. Seeskilpaaie en ander seelewe is volop en maklik om te besigtig.
Swaziland: Hlane Nasionale Park en Mkhaya Wildreservaat	Vier van die Groot Vyf.	Sien vier van die Groot Vyf: leeus, olifante, renosters en luiperds, sowel as ander diere en neem deel aan safaritoere.

Oxford University Press Southern Africa (Edms.) Bpk. 2012.